

20 Mei 2020

Posbus 12015, Queenswood, 0121
Pierneefstraat 901, Villieria, 0186
Tel 012 329 6011
E-pos hoofkantoor@voortrekkers.co.za
www.voortrekkers.co.za

Nasionale Omsendbrief 3 van 2020

Die Hoofleier aan die woord: HL Danie Langner

Geen Voortrekker het in Januarie 2020 vermoed wat 'n vreemde wending die jaar sou neem nie. Om die waarheid te sê, ons het uitgesien na 'n jaar vol opwindende projekte, heerlike kampe en nuwe avonture. Niemand sou ooit kon raai dat die Voortrekkers die eerste keer in 90 jaar kampe moes afstel nie, dat ons vandag reeds vir 54 dae agter slot en grendel sit en dat selfone, wat verlede jaar nog in skole verbied was, die nuwe klaskamer sou word nie. Dit is amper asof ons uitgedaag word om te verduidelik wat ons bedoel as ons met ons jaartema sê: ONS GLO.

Enige Voortrekker sal dadelik verduidelik ons neem die Here op sy Woord, daarom is die Bybel ook die fondament van ONS GLO-embleem. Ons weet wat die Here sê, is waarheid en sy beloftes sal waar word. Ons kan daaraan vashou. Ons sal ook kan verduidelik dat Jesus se lydenstyd in die grendeltyd geval het. Ons hou vas aan die kruis van die opgestane Here Jesus in die moeilike tyd. Juis omdat ONS GLO is ons Voortrekkers nie negatiewe mense wat dink alles stuur af op 'n hopelose einde nie. Ons leef met eindelose hoop, omdat Jesus leef.

Daarom maak ons innoverende planne, gaan spankampe en ja, selfs kampvuurkonserte, op kreatiewe maniere voluit voort. Ons ontgin ten volle die moontlikhede wat die digitale wêreld bied. Ons hou spanbyeenkomste en kommandobyeenkomste met Zoom, Facebook word ons nuwe kampvuurklets en WhatsApp ons nuwe kuiertafel. Voortrekkers se nuwe denke en nuwe manier van dinge doen, maak my opgewonde.

Ons weet ook daar is Voortrekkers wat in hierdie tye regtig baie swaar kry. Gesinne wat oornag sonder inkomste moet oorleef, sente wat twee maal omgedraai moet word en salarisse wat gesnoei is of opgedroog het. Ons harte gaan uit na die gesinne. Moenie ophou met Voortrekkers nie! Elke kind wat 'n Voortrekker wil wees, KAN 'n Voortrekker wees, ongeag finansies. Ons maak planne, spaar waar ons kan en kyk graag hoe ons kan help. Hierdie is die een organisasie waar elke gesin in die moeilike tyd kan tuis voel en behoort.

Kanniedood Voortrekkers in Pretoria-Wes help om kos te voorsien aan meer as 'n 1000 mense waarvan die meeste kinders is. So is daar ook regoor die land kommando's wat uitreik, help, kos gee, omgee, mekaar ondersteun. Dit is die vlam van ONS GLO-embleem. Die lig van ons fakkel wat in donker tye steeds helder skyn.

ONS GLO word in hierdie tye meer as 'n jaartema. Dit word 'n dieper belydenis. 'n Vashou. 'n Uithou. Aanhou. Koers Hou.

Administrasie: HS Corlia Botha

SAS2

Die registrasies is baie goed aan die gang en huidiglik is daar reeds 10 719 lede geregistreer. Ons is nog so \pm 1 300 lede kort van verlede jaar se getalle. Die sperdatum vir lederegistrasies in die gebiede was 18 Mei 2020. Daar is egter nog 'n bietjie tyd en ek wil 'n dringende beroep op almal doen om so spoedig moontlik jul registrasie vir 2020 op datum te kry.

Toegang vir oordleiers en kommandoleiers op SAS2 is tans 'n groot uitdaging. Omdat die toegang beperk is, lei dit ook daartoe dat kommando's met registrasies sukkel. Die toegangsregte sal mettertyd oopgestel word, maar dit is belangrik om van die volgende kennis te neem.

- Elke kommando moet 'n kommando e-pos skep wat aan die SAS2-stelsel gekoppel word. Die KL en AKL admin behoort toegang tot die e-posadres te hê. Die e-posadres word gebruik om die kommandoregte aan die korrekte kommando op die stelsel te koppel. Die kommandoleier en AKL admin kan die intekenregte van die profiel gebruik om die inligting op SAS2 sien. Dit is egter baie belangrik dat **geen data** deur die Kommandoleier verander mag word nie. Die AKL Admin is die enigste persoon wat inligting op SAS2 mag verander. Die veiligheid van die lede se data is vir ons baie belangrik en daarom moes elke AKL admin bevestig dat hulle kennis dra van die regte en verantwoordelike wat van toepassing is op die kommando se SAS2 regte.
- Belangrike kommunikasie hieroor is deur die Gebiedsekreterisse aan kommando's gekommunikeer. Skakel gerus met jou gebiedsekreteris indien daar enige probleme is.

Finansies: AHL Malan le Roux

Ledegeld

Ledegeld is 'n jaarlikse fooi wat betaal word om 'n lid van Die Voortrekkers te wees. Ledegeld word nie maandeliks of kwartaalliks bereken nie.

Wat word van die ledegeld?

- Dit verseker dat baie belangrike administratiewe stelsels, kultuurprosesse en nasionale- en gebiedsaktiwiteite kan plaasvind.
- Daar word ook groepsversekering betaal vir elke lid van die Beweging om lede tydens Voortrekkeraktiwiteite te dek.
- Die finansiering van bemarking, opdatering van studiemateriaal, opleiding en die ontwikkeling van sagtewarestelsels asook nasionale kampe.

Dus moet die basiese beginsels van ledegeld verstaan word. Ledegeld is betaalbaar as 'n jaarlikse bedrag en is verseker nie 'n terugbetaalbare, of 'n gedeeltelike terugbetaalbare bydrae nie.

Wat wel baie belangrik is, is om te verstaan dat die registrasie van lede die fokus moet wees. Registrasie bevestig dat elke geregistreerde lid erkenning kry vir sy/haar diensjaar. Dit bevestig ook dat elke lid die nodige versekeringsdekking geniet.

Die versoek is dat daar op registrasie gefokus word om te verseker dat nie één Voortrekker verlore gaan tydens hierdie moeilike en uitdagende tyd nie. Indien daar finansiële uitdagings in hierdie tyd is, kan dit oorkom word.

Finansies mag nooit die rede word hoekom kinders nie Voortrekkers kan wees nie. Dit is juis in hierdie dae wat ons elke kind, ouer en offisier juis daarvan wil verseker dat hulle hier by die Voortrekkerfamilie veilig en welkom is, ongeag.

Wanneer die registrasieproses voltooi is, kan ons fokus op die finansiële- en ledegeld betaal implikasies. Daar waar ledegeld betaal kan word, gaan dit voort soos altyd en, indien daar probleme is, hanteer ons dit op die volgende maniere:

- Skakel die kommando en verduidelik die situasie; of
- Kontak u gebiedskantoor en stel u saak aan hulle.
- Die AHL Finansies, Malan le Roux, kan ook direk gekontak word by e-posadres malanl@alsgroup.co.za of selnommer 071-609-5167.

Maak asb. gebruik van die hulp wat aangebied word.

Belangrike aksies

Maak dus seker dat alle kinders en offisiere geregistreer is!! Geen lid of offisier mag deur die krake van swak administrasie of onsekerheid val nie.

Betaal ledegeld waar moontlik. Indien nie moontlik nie, maak gebruik van een van die bogenoemde opsies en verduidelik dat u vir 2020 nie ledegeld sal kan betaal nie.

Voortrekkers KAN en SAL hierdie struikelblok oorkom en in die toekoms terugkyk hierna as 'n oomblik toe ons getoets was.

Volwasse sake: AHL Karin Stoffberg

Aanlynkursusse

Die Covid-19 pandemie het daartoe gelei dat onderrig wêreldwyd genoodsaak was om tegnologie te gebruik. Tegnologie sal in die toekoms 'n sleutelrol in onderrig speel. Die Voortrekkers het 'n digitale platform waar aanlynkursusse beskikbaar is. Die Intreekursus, Spanhantering, Voortrekkerbestuur, Kreatiwiteit en kort Verrykingskursusse kan aanlyn gedoen word.

Om jousef gedurig te ontwikkel, berei jy jousef voor vir 'n wêreld wat gedurig verander. Om opleidingsgeleenthede by te woon of aanlynkursusse te doen, brei jy jou kennis uit, jy kry nuwe idees, leer om innoverend te dink en word dan toegerus om terug te ploeg in die Voortrekkerorganisasie. Jy kan enige module van enige kursus doen. Jy hoef nie noodwendig 'n hele kursus te voltooi nie.

Om toegang tot die kursusse te kry, gaan na die Voortrekkers se webblad (voortrekkers.co.za) en kies Voortrekkerloopbaan.

Die Aanbiedingsvaardighede kursus wat 17 – 19 Julie op Udolpho sou plaasvind, is gekanselleer. Hierdie kursus sal vanjaar aanlyn beskikbaar wees. Die kursus is 'n geakkrediteerde kursus.

'n Organisasie wat nie 'n leerkultuur het nie, is 'n organisasie wat stagneer. Die belangrikste is dat mense 'n leeringesteldheid moet kweek en jousef voortdurend moet bly ontwikkel.

Vir enige navrae kontak Karin Stoffberg per e-pos (karin.stoffberg1@gmail.com).

Verkennersake: AHL Johan Lauscher

Nasionale PV Afrondingskamp

Die inperkingsregulasies, gepaardgaande beperkinge en onsekerhede van die nuwe skoolkwartaal maak dit onmoontlik om die nasionale PV Afrondingskamp vanaf 1 – 4 Julie 2020 aan te bied. Maar daar gaan nie niks wees nie. 'n Baie unieke en eerste vir die Voortrekkers is dat 'n PV-webinaar aangebied gaan word. Hierdie PV-webinaar sal DV die eerste naweek van die eerste skoolvakansie van die nuwe skoolkwartaal van Suid-Afrika plaasvind. Hoe die webinaar gaan werk, wat 'n PV-kandidaat nodig gaan hê en ander inligting sal teen die einde van Junie 2020 aan die PV-kandidate gekommunikeer word. Intussen vertrou ons dat die PV-kandidate hul beste sal gee om opdatum te bly met die akademiese deel van skoolgaan sodat die naweek van die PV-webinaar ten volle geniet sal kan word.

Aanlynkentekens vir Verkenners

Covid-19 het die wêreld aangrypend verander. Die meeste skole het nou alternatiewe metodes om met onderrig voort te gaan. Die Voortrekkers het ook aangepas en gaan vier aanlynkentekens vir Verkenners aanbied: Leierskapsvaardighede, Kommunikasie, Nasionale Gedenkwaardighede en Afrikaanse Taalgeskiedenis. 'n Kennisgewing sal uitgestuur word sodra die Verkenners vir die kentekens kan registreer.

Of jy nou 'n spanleier, prefek of dalk eendag 'n bestuurder van 'n besigheid is, alle leiers benodig sekere vaardighede. Doeltreffende leiers het die vermoë om goed te kommunikeer, hul span te motiveer, verantwoordlikhede te hanteer, te delegeer en in veranderende omstandighede aanpasbaar te wees.

Leierskapsvaardighede is van die waardevolste bates in jou arsenaal. Kan jy leer om 'n goeie leier te word? Verseker. Daar is geen twyfel dat goeie leiers oor 'n aantal kernvaardighede beskik nie. Hierdie vaardighede kan, net soos ander, aangeleer word. Die **leierskapsvaardighede-kenteken** bied jou geleentheid om kennis te maak met hierdie vaardighede.

Wêreldwyd word goeie **kommunikasie**-vaardighede vandag as een van die kritiese vaardighede in die werkplek beskou. In die meeste gevalle word dit bo-aan die lys van top vaardighede geplaas. Om effektief te kan kommunikeer, stel ons in staat om inligting betekenisvol aan ander mense oor te dra en ook om te verstaan en begryp wat vir ons gesê word. Die ontwikkeling van jou **kommunikasievaardighede** kan jou in elke aspek van jou lewe help, van jou beroepslewe, sosiale byeenkomste en ook in verhoudings met ander.

Die **Afrikaanse Taalgeskiedenis**-kenteken gee jou vryheid om jou kreatiwiteit uit te leef. Jy kan op 'n elektroniese muur jou gunsteling Afrikaanse woord "plak". Jy kan ook 'n vasvra doen om jou kennis oor die ontstaan van Afrikaans te toets. Ons nooi Verkenners saam op hierdie ontdekkingsstog waar jy meer van Afrikaans sal ontdek.

Met die **Nasionale Gedenkwaardighede**-kenteken maak jy kennis met ons land se gedenkwaardighede. Jy kan ook op 'n virtuele toer deur die Voortrekkermonument gaan! Maar die belangrikste is egter die vraag aan die Verkenner: "Wat van ons land se erfenis?"

Hoe om toegang te kry: Gaan na die Voortrekkers se webtuiste: voortrekkers.co.za. Kies Voortrekkerloopbaan en registreer op die webtuiste as jy dit nog nie gedoen het nie. Die kentekens sal by die Verkenner-afdeling beskikbaar wees. Die Verkenner kies dan die kentekens wat hy/sy wil doen. 'n E-pos wat toegang tot die kentekens bevestig sal dan gestuur word.

Ons wil vra dat ouers en spanoffisiere asseblief die Verkenners wat ingeskryf het, motiveer en ondersteun met die doen van die kentekens. Dit kan ook 'n spanprojek wees waar spanlede mekaar aanmoedig om die kentekens klaar te maak. Daar is gepoog om die kentekens so te ontwikkel dat dit 'n lekker ervaring vir Verkenners sal wees. Die Voortrekkers is inpas met internasionale tendense in onderrig. In die kentekens is vaardighede ingesluit wat wêreldwyd as baie belangrik beskou word. Enige voorstelle of kommentaar is baie welkom.

Penkop en Drawwertjie sake: AHL Elizma Smith

Honderde Penkoppe en Drawwertjies en offisiere het uitgesien na die jaarlikse PD gebiedskampe in die Maart/April skoolvakansie. SPD Waterwerkkamp het boonop uitgesien na die ARISS projek. Toe word die handrem skielik en beslis opgetrek op hierdie 7 kampe toe grendelstatus afgekondig word.

Dit vat net 'n rukkie om die teleurstelling te verwerk en die implikasies te besef en toe in April begin nuwe planne oral uitrol. Ek lees van Super Snuiter Saterdag uitdagings, kampe en skattejagte, bak en brou sessies, potjiekos kompetisies en handwerkprojekte, alles virtueel. Vir Paasnaweek word vensters versier met die mooiste geverfde kruise. Graadwielwerk bly ook nie agter nie. Selfs die junior Penkoppe en Drawwertjies hou opgewonde Zoom spanbyeenkomste saam met hulle spanmaats en spanoffisiere.

Offisiere vertel hoe lekker dit is om weer die kinders te "sien" en hoe die spanmaats dit geniet om weer kontak te hê en ouers is dankbaar vir die moeite wat vir hulle kinders gedoen word.

Offisiere, dankie dat julle planne maak en aanhou moeite doen met julle spanne. Hierdie tyd gaan verseker vir groot en klein in Die Voortrekkers interessante herinneringe word. In 'n tyd waar alle ander buitemuurse aktiwiteite tot stillstand gekom het bied Voortrekkers nou vir kinders 'n lekker alternatief en kontak met maats na 'n "dag se skool" by die huis. As spanoffisier speel jy verseker ook nou 'n groot rol in kinders se lewens.

Voorslag PD

Jeuglede wat vanjaar in graad 7 is sal wel die geleentheid kry om Voorslag te doen. Waar en wanneer dit nodig word sal kampe aangeskuif word sover vorentoe as wat dit nodig is. Veranderde datums sal deur die gebiede se Adjunkgebiedsleiers vir PD sake gekommunikeer word waar nodig.

Ek bevestig ook graag dat opnames van die musiek met sang vir 2020 se Voorslagliedjies nou op die Voortrekker-toepassing en op SAS2 se biblioteek gelaai is. Dit kan dus maklik aan die kinders versprei word sodat hulle die liedjies tuis kan aanleer.

Die nasionale komitee PD sake is bewus van kommer oor die impak van verlore kampe en aktiwiteite vanjaar op kandidate se Voorslaginskrywings en is besig om dit aan te spreek sodat dit nie kandidate nadelig beïnvloed nie. Kamplyste van die Maart/April gebiedskampe is reeds aangevra, die komitee lede kyk na die situasie met Beloftespesialisasies in hulle gebiede om daar behoeftes aan te spreek en in al die gebiede is inisiatiewe reeds aan die gang om spesialisasies virtueel aan te bied. Soos opkomende kampe geraak word sal ook daarna gekyk word, tans word daar nog in gebiede alternatiewe beplan.

Voortrekkergroete



HOOFSEKRETARIS

OB 3 van 2020

Bl. 6 van 6

KOERS